# HOE VERSEKER EK DAT MY MELKBOKKE GESOND BLY? ?

**Die belangrikste is om jou bokke te ken, te weet wat normale gesondheid in jou kudde is. Sekere siekte toestande gebeur geleidelik, maar jy en jou werkers moet die diere so goed ken dat enige verandering in gedrag raak gesien moet word. Ek weet dit is nie so maklik in groot kuddes nie, maar hier het jou melkers ook 'n baie belangrike rol te speel. Hulle en almal betrokke moet daagliks veral op die volgende let;**

- **Is die bok se houdig wakker, nuuskierig, ore regop, oë helder en die neus skoon van enige afskeiding?**
- **Is die bok se eetlus normaal?**
- **Drink die bok water?**
- **Is die bok se mis normaal? Bokdrolletjies?**
- **Is die uier geswel,is daar knoppe? Is die uier abnormaal warm , kyk en voel vir seertjies.**
- **Is die melkproduksie normaal?**
- **Is die bok se hare glad/kroes**
- **Kyk en voel vir absesse, vratte kaalkolle ens op vel**
- **Loop/staan die bok gemaklik?**

**As daar enige verandering in bogenoemde by 'n bok waargeneem word, haal haar/hom uit vir observasie. Neem die dier se koors en neem dan 'n besluit oor die behandeling van die dier. As jy nie seker is wat die dier makeer nie, raadpleeg jou veearts. Dit is ook altyd belangrik om jou veearts te raadpleeg oor behandeling en tipe die medikasie.**

**Onthou om alle behandeling in 'n Behandelingsboek aan te teken. Maak seker wat die onttrekkings periode van die betrokke medikasie is, en hou streng daarby.**

**Hou altyd siek diere geisoleerd van jou gesonde diere.**

- **Die liggaamstemperatuur van 'n gesonde bok is 39-39.5°C**

  **Ek beveel 'n digitale koorspen aan, maar as jy aangewese is op kwik koorspen moet jy natuurlik 'n horlosie met 'n sekonde wyser byderhand hê. Neem die koors anaal.**
  **Laat iemand anders die bok baie goed vashou.Sit 'n bietjie Vaseline aan die punt van die koorspen en druk versigtig in die anus.**

- **Die Hartklop van 'n gesonde volwasse bok is tussen 70-95 slae per min**

  **Om die hartklop te neem, plaas jou hande, laag aan weerskante van die borskas, omtrent inlyn met sy knieë. Laat 'n tweede persoon die tyd neem terwyl jy die hartklop tel.**
- **Die asemhaling tussen 10-30 asemteue per minuut.**

  **Om die asemteue te tel hou die bok se borskas en die maag by die lieste dop. Dit is altyd goed om jou bevindinge veral asemhaling met die res van die kudde te vergelyk, want faktore soos hitte kan 'n rol speel. Op 'n warmdag gaan die diere vinniger asemhaal.**

- **Rumen beweging 1-1.5 bewegings per minuut, om die rumen beweging waar te neem, druk jou vuis liggies teen die maag halfpad tussen die laaste rib en die bok te dy.**

**Klou gesondheid is baie belangrik. Waar diere wei is dit weinig 'n probleem, maar waar bokke intensief geboer word en hoofsaaklik op beddegoed staan is dit baie belangrik dat die kloue gereeld geknip word.**
**'n Klouskêr of goeie kwaliteit snoeiskêr en 'n mes met 'n stewige kort skerp lem, is al gereedskap wat jy nodig het. Hou altyd medikasie (Necrospray, Stockholmteer ens )ook byderhand, vir ingeval daar 'n seertjie is of as jy te diep sny en bloed trek.**

**Bokke is ongeduldige diere en gaan nie vrywillig stilstaan sodat jy kloue kan knip nie. Maak die ooi vas, nie met'n skuifknoop om die nek nie, dit help as sy 'n halsband aan het en jy haar met 'n kort tou vasmaak sodat sy nie veel kan beweeg nie, so maksimum 'n halwe tree. Dit is ideaal om teen 'n muur of heining te werk sodat as die bok op drie bene staan sy teen die muur/heining kan steun.**

**As jy die kloue knip staan soos 'n hoefsmid 'n perd se hoewe sal beslaan, met sy rug na die kop van die bok, met die been tussen jou bene. Krap met die mes eers alle oortollige mis, grond weg, met jou mes of skêrpunt. Sny nou met jou skêr die horingagtige uitstulpsel op die rand van die klou gelyk met die klou se oppervlak. As hierdie rand te lank word en oorgroei, veroorsaak dit 'n holte waarin mis/organise materiaal opgaar wat veroorsaak dat die klou se oppervlakte sag raak en kan vrotpootjie daar begin. Nadat die rand gelyk gesny is, begin met oppervlakte van die klou. Die massa draende area van die klou is die agterste gedeelte van die klou jy sal dus vind dat die voorste area van die klou meer hoefgroei op het as die agterste area. Begin nou om dit stelselmatig weg sny. As die hoef pienk begin deurslaan is die klou reg. Dit is belangrik om al vier kloue se oppervlaktes dieselfde te kry, sodat die bok gelyk staan.**

**Die maklikste manier om te leer is om by 'n melkbokvriend wat ondervinding van klouknip het te gaan kers op steek.**